

# "Ek is 'n finansiële konsultant en ek stem Nasionale Party."

"Ek is Denise Letchumee Mooloo en ek steun die Nasionale Party want hulle is die mees ervare party. As hulle met apartheid en al hierdie land so ver kon bring, dink net wat kan hulle doen noudat apartheid weg is. In my werk ontmoet ek honderde mense en hulle deel my gevoelens oor die NP.

En as lid van 'n minderheidsgroep, glo ek dat hulle die beste sekuriteit vir almal kan bied.

Ek sal nie die ANC ondersteun nie, want ek glo nie enigiemand kan met toe oë in 'n regering instap en verwag om dit ordentlik te kan bestuur nie. Kyk wat het hulle al aangevang: geweld aangeblaas, boikotte uitgeroep, buitelandse beleggers afgeskrik. Hulle het nie juis omgegee oor verlore besigheid of lewensverlies nie.

Ek kom uit 'n familie van vreedsame protes. My oupa was twee jaar in die tronk vir passiewe weerstand in Ghandi se tyd. My hele familie het in die 'struggle' geveg. Maar ek voel ek kan nie 'n aggressiewe ANC steun nie. Ek verkies 'n party soos die Nasionale Party, wat nie op geweld teer nie.

Hoe kan die ANC mense dinge belowe wat hulle nie kan regkry nie? Hulle kan mos nie vir mense 'n lewe skep deur goed uit te deel nie.

Individue is verantwoordelik vir hulle eie lewens. Ek behoort te weet, ek kom uit 'n baie arm gesin. Ons was tien broers en susters. As kinders het ons baie swaar gekry maar sou enigiets doen om te leer. Daar was vir 'n Indiër-kind g'n verskoning om van die skool af weg te bly nie, want dit is die basis van alles. Al tien van ons doen vandag goed. Maar kyk, daar's swart mense wat ook suksesvol is en met apartheid uit die pad, is daar vir niemand meer verskonings om nie iets te bereik nie.

Wat ek probeer sê is dat op die ou end is dit die individu se verantwoordelikheid. Die NP belowe nie om jou alles te gee nie, maar hulle belowe om jou te help bereik wat jy wil bereik.

Ek het baie deur Afrika gereis en ek sê julle, daardie mense het niks met hulle lande gedoen nie en ek glo dis omdat hulle nie die kundigheid het nie. Dwarsdeur Afrika sal jy vind dis die Suid-Afrikaners wat die ervaring het. Sol Kerzner het Sun Hotelle orals in Afrika. Die NP het die ervaring – kyk net wat het hulle hier tot stand gebring in 40 jaar.

Ek stem Nasionale Party omdat ek weet daar's nie 'n toekoms sonder hulle nie."

**WEES SEKER VAN 'N BETER LEWE**

***Stem vir FW de Klerk en die nuwe Nasionale Party***

NP Nasionale Party



X

Opgestel en uitgereik deur Marthinus van Schalkwyk, Marksgebou, Parlementstraat, Kaapstad.

OPTIMUM MARKETING COMMUNICATIONS 22704/A